

Graad 11 LW 17 tot 21 Augustus

Jy gaan uiteindelik die dinsdag die 25 ste jou toets skryf

Merk jou werk

Ons gaan nou weer met asemhaling begin op p 2.28. Weer 'n papier gekry wat sê ons moet dit doen

Alles lei tot selrespirasie en energie . daarvoor is suurstof nodig . Die neweproduk koolstofdioksied en water moet uitgeskei word en daarvoor is gaswisseling noodsaaklik

Gaswisselingsoppervlakte moet aan sekere vereistes voldoen:

- 1) dit moet dun wees vir vinnige diffusie
- 2) dit moet klam wees . Gasse soos suurstof en koolstofdioksied los daarin op
- 3) Vervoerstelsel maw kappilêre netwerk
- 4) moet beskerm word

Ons begin nou op bl 2.31

Leer die skets, jy sal dit nie hoef te kan teken nie. Hou die skets by jou as jy die opsomming deurgaan.

Die neusholtes is uitgevoer met slymvlies wat uit gesiliëerde kolomepiteel bestaan, bekerele en haartjies

Haartjies filtreer stofdeeltjies

Bekerele skei slym af wat stofdeeltjies en kieme vasvang en antisepties is. Maak lug vogtig. Kapilêre netwerk maak inkomende lug warm.

Cilea werk die stofdeeltjies na buite

Die farinks : neusholtes open daar en dit lei na twee opening

- 1) Die trachea en 2) die esofagus

Ook uitgevoer met slymvlies en het dieselfde funksie soos bo

Die trachea word tydens sluk gesluit deur die **EPIGLOTTIS** sodat voedsel nie in die trachea kan kom nie.

Die trachea : Lê aan voorkant van esofagus en aan bo-punt is die **Larinks** wat die stembande huisves.

Wande van trachea het C-vormige kraakbeenringe wat trachea versterk en oophou. Die deel waar nie kraakbeen is nie , druk agter teen die esofagus. Vergemaklik sluk

Is ook uitgevoer met slymvlies en gesiliëerde epiteel met dieselfde funksie as bo

Brongi en Brongiolie : Trachea verdeel in linker en regter brongus (enkelvoud, meervoud is brongi)

Ook uitgevoer met slymvlies maar met O-vormige kraakbeenringe. Daar is nou nie meer 'n esofagus agter nie en C-vormige ringe nie nodig.

In longe verdeel hulle in kleiner takkies nl brongiolie en kraakbeenringe verdwyn

Elke Brongiool eindig in 'n **alveoli**

Op bl 2.32 is 'n tabel wat die aanpassings en funksies mooi opsom

Longe : Jy het 2 longe in borsholte maw bokant die diafragma. Dit is goed beskerm deur 12 paar ribbe , tussenribspiere en werwelkolom agter

Elke long is omring met 'n dubbele vlies , die **longvlies of pleura**. Tussen die vliese is daar vloeistof wat wrywing voorkom as longe uitsit en inkrimp.

Longe rus op die **diafragma**.

Inwendig bou is die skets van die alveoli belangrik.

Wande van die alveoli is baie dun en word deur 'n kappilêre netwerk omring

Alveoli en kappilêre netwerk bestaan uit **enkellaag epiteel. Hoekom?**

OP bl 2.33 is 'n tabel met 'n mooi opsomming van aanpassing en funksie

Lekker leer sien julle oor 'n week

Vir die wat net kom toets skryf die toets is die 5de en 6 de periode maw tussen die 2 pouses (10 h 34)